

Gereformeerde Kerk Bellville – 29 Januarie 2017 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 119:23, 25 (p. 591)

- 23 Voordat ek verdruk was, HERE, / het ek dwaalsiek, al maar voort
op verkeerde pad gewandel; / maar nou let ek op u woord.
U is goed, U is goeddadig, / o fontein van alle goed.
Leer my dan wat goed en reg is, / uit u goedheids-owervloed.
- 25 Dat U my verdruk het, HERE, / dit was enkel goed vir my,
want daardeur het U my dieper / in u kennis ingelei.
Daarom is dit my veel beter / as die allerrykste skat,
meer as al die goud en silwer / wat die wêreld kan bevat.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 98:1, 2 (p. 488)

- 1 Sing nuwe lof aan God die HERE, / die God wat wonders het gedaan;
sy regterhand, vol sterkte en ere, / sy heil'ge arm bring redding aan.
Hy het sy heil en alvermoë / die volkere alom gemeld;
geregtigheid blink voor hul oë / soos sonnestrale oor berg en veld.
- 2 Hy het gedink aan sy genade, / sy trou aan Isr'el nooit gekrenk;
dit slaan die wêreldeindes gade / nou onse God sy heil ons skenk.
Juig voor die HEER met blye galme, / o ganse aarde, juig van vreug!
Meld vrolik in verhewe psalme: / dit is Gods heil wat ons verheug.

Gebed

Psalm 73:1, 5 (p. 366)

- 1 Voorwaar, God is vir Isr'el goed, / vir wie opreg is van gemoed.
Gods weg kan nooit so donker wees nie, / dat Hy nie sorg vir wie Hom vrees nie.
Maar ag, hoewel my siel dit weet, / tog het my voet haas in my leed
gewankel, en dit was vir my / so donker dat my voet wou gly.
- 5 Die trotsaards leef gerus en bly, / in rykdom, onbesorg en vry.
Vergeefs dat ek so opgepas het, / my hande in onskuld rein gewas het!
Dit help my nie: ek word geslaan, / die plaë oorstrom my, af en aan;
en nooit was daar 'n môre of / my klaagsang kry weer nuwe stof.

Skriflesing: Psalm 73; Heidelbergse Kategismus, Sondag 10:28

Kernvers: Psalm 73:16-17, 23-24

Toe het ek nagedink om dit te verstaan, maar dit was moeite in my oë, totdat ek in die heiligdomme van God ingegaan en op hulle einde gelet het.

Nogtans is ek altyddeur by U; U het my regterhand gevat. U sal my lei deur u raad en my daarna in heerlijkheid opneem.

(Psalm 73:16-17, 23-24 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 28: Wat baat dit ons dat ons weet dat God alles geskep het en dit nog deur sy voorsienigheid onderhou?

Antwoord: Dat ons in alle teëspoed geduldig (a) en in voorspoed dankbaar (b) kan wees. Verder dat ons ook vir die toekoms 'n vaste vertrouwe in ons getroue God en Vader (c) kan stel dat geen skepsel ons van sy liefde sal skei nie (d), aangesien alle skepsels só in sy hand is dat hulle hulle sonder sy wil nie kan roer of beweeg nie (e).

(a) Rom 5:3; Jak 1:3; Ps 39:10; Job 1:21, 22. (b) 1 Tess 5:18; Deut 8:10. (c) Ps 55:23; Rom 5:4. (d) Rom 8:38, 39. (e) Job 1:12; 2:6; Spr 21:1; Hand 17:25.

Tema: Die troos om te weet dat die Vader alles geskep het en dit steeds onderhou en regeer

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, in vanaand se gesprek tussen die ongelowige vraagsteller en sy gelowige gespreksgenoot hoor ons vir die eerste keer 'n vraag wat ons in die praktyk van die lewe in dwing. Vraag en antwoorde 26 en 27 was nog baie teoreties. Eers is gevra: **Wat glo jy as jy sê: Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde?** Om die vraag te antwoord moet 'n mens vanuit die Skrif gaan haal wat 'n mens met hierdie woorde bedoel. Toe het die ongelowige gevra: **Wat verstaan jy onder die voorsienigheid van God?** Hier gaan dit weer 'n keer oor die kennis wat 'n mens vanuit die Bybel kry oor God se regering en onderhouding van die skepping. Met oortuiging het die gelowige gesê dat goeie en slegte dinge nie toevallig in hierdie lewe gebeur nie. God laat die goeie en slegte dinge uit sy vaderhand die gelowige toekom.

Dit is goeie Skriftuurlike antwoorde wat die gelowige aan die vraagsteller gegee het. Maar die ongelowige is nog skepties. Daarom vra hy: **Wat baat dit ons dat ons weet dat God alles geskep het en dit nog deur sy voorsienigheid onderhou?** Met die eerste twee antwoorde het die Heilige Gees die ongelowige oortuig dat God alles regeer en onderhou. Daarom sluit hy homself saam met die gelowige in as hy sy vraag vra. Hy vra: **Wat baat dit ons?** Nou kan 'n mens net die Here dank dat hierdie ongelowige ook besef dat niks toevallig gebeur nie. Alles wat in hierdie wêreld gebeur, kom uit God se vaderhand.

Om dit alles te weet, is goed en reg. Maar wat help dit jou dat jy weet dat God alles geskep het en dit nog deur sy voorsienigheid onderhou? 'n Mens voel aan dat hierdie nie sommer so 'n maklike vraag is nie. Die vraagsteller wil weet hoe hierdie kennis vir hom voordelig gaan wees in sy lewe nou en in die toekoms. Dit gaan nou nie meer net oor 'n mens se verstand nie. Dit gaan nie meer net oor dit wat jy uit die Bybel leer ken nie. Nou gaan dit oor wat hierdie kennis aan 'n mens se hart doen en of dit enige invloed op jou doen en late tussen ander mense gaan hê.

Broers, susters en kinders, wanneer 'n mens die evangelie aan ongelowiges bring, moet jy daarop voorbereid wees dat daar ook vir jou so 'n moeilike vraag gevra word. Dit is goed om te praat oor die leer en ons moet daarvoor praat en nadink. Maar op die ou end moet 'n mens se geloof tog prakties word. Om maar net sê dat jy glo en om in jou binnekamer of in 'n erediens jou geloof te bely, is nie genoeg nie. Uiteindelik moet 'n mens se geloof sigbaar word. Mense moet kan sien – trouens, jyself moet kan sien – hoe jou geloof in God as die almagtige Vader en Skepper jou manier van doen beïnvloed. 'n Mens se geloof moet gehoor kan word in die manier wanneer 'n mens praat en nadink oor die moeilike dinge in die lewe waaraan 'n mens niks kan doen nie.

Laat ons daarom hierdie vraag van die ongelowige ook in ons lewens inbring. Kinders, wat help dit jou dat jy weet dat God aan jou kos en klere gee? Watter voordeel is dit vir jou om te weet dat die Here vir jou 'n pa en 'n ma gegee het? Julle tieners, wat baat dit jou om te weet dat God oor alles regeer? Het daardie kennis 'n invloed op jou keuse van maats en

die plekke wat jy saam met jou maats besoek? Jongmens, hoe dink jy oor en wat doen jy met 'n versoeking wat op jou pad kom, as jy weet dat dit ook uit die Vader se hand na jou toe kom? Ouers, hoe help die voorsienigheid van God julle wanneer julle allerhande uitdagings beleef met die grootmaak van julle kinders en die verantwoordelikheid om hulle te versorg? En die senior lidmate, help dit julle om te weet dat God alles regeer wanneer die swakhede van die ouderdom toeneem?

Ons kom agter hoe hierdie leer van die voorsienigheid van God in elke liewe deeltjie van ons lewens indring. In teorie is dit maklik om die voorsienigheid van God te aanvaar. Maar in die praktyk is die voorsienigheid dikwels vir 'n mens 'n hindernis. Om te sê wat jy onder die voorsienigheid van God verstaan, kan jy gemaklik doen. Jy sê maar net wat die Here self in sy Woord daaroor sê. Maar om self die voordeel van God se voorsienigheid in jou eie lewe raak te sien is nie so maklik nie.

Asaf het ook maklik gesê dat God goed is vir Israel. God is regtig goed vir die gelowiges. So sê hy dit in vers 1. Toe dit met hom as kind van God ook goed gegaan het, was dit maklik om van God se goedheid te praat. Maar toe daar dae van verdrukking gekom het, het hy moeite gehad met sy belydenis dat God goed is. Hy sê dat hy die hele dag geslaan is en elke môre was daar vir hom tugtiging.

Terwyl hierdie verdrukking hom getref het, het hy nie na God toe opgekyk in wie hy glo nie. Hy het rondom hom gekyk en gesien wat in die wêreld gebeur. Dit wat hy in die wêreld gesien het, staan toe vir hom in skrilte kontras met wat hy geglo het. Hier is hy – 'n gehoorsame kind van God en hy kry swaar – maar daar is die goddelose mense wat nie 'n duit vir die Here en sy Woord omgee nie. En kyk net hoe goed gaan dit met hulle – hulle is voorspoedig, hulle kwel hulle oor niks nie, hulle het nie moeite nie, alles loop vir hulle seepglad. Dit gaan so goed met hulle terwyl trots soos 'n halsnoer om hulle nekke hang, geweld is die klere wat hulle dra en tog het hulle aanhang onder die mense. Die mense rondom hulle drink hierdie goddelose se woorde soos water in. Hulle beledig die Here en vertrap mense rondom hulle. En sê sommer hardop: Hoe sal God hiervan weet?

Asaf sê hy het probeer om self te verstaan hoe dit dan kan werk. Hoe kan hy wat die Here dien so verdruk word? Hoe kan hulle wat so goddeloos lewe en lasterlik teen die Here spreek dit so goed in die lewe hê? Maar dit was vir hom moeite. Asaf se krisis was nie die verdrukking wat hy gely het nie. Sy krisis het in sy hart begin – sy hart wat nie onder die voorsienigheid van God wou buig nie. In sy hart het hy gedink dat God dit verkeerd gedoen het. So het hy gedink totdat hy in die heiligdomme van God ingegaan het. Toe sien hy dat die goddelose se einde 'n verwoesting is. En hy het agtergekom dat die einde van die gelowige mens wat naby God wil lewe en 'n weersin in die sonde het, is vrede. Toe hy dit gesien het, het hy besef hoe dom hy was om enigsins te dink dat die voorsienigheid van God nie werk nie.

Die ongelowige het gevra: ***Wat baat dit ons dat ons weet dat God alles geskep het en dit nog deur sy voorsienigheid onderhou?*** En nou moet ons fyn oplet na die antwoord wat die gelowige gee. Hy sê: ***Dat ons in alle teëspoed geduldig en in voorspoed dankbaar kan wees.*** In die antwoord sê die gelowige nie waar hy is in sy sonde en swakhede nie. In die antwoord stel hy die doelwit – sodat ek in teëspoed geduldig en in voorspoed dankbaar kan wees. En ook sodat ek in die toekoms in God kan vertrou.

As 'n mens fyn oplet na hierdie drie dinge in die antwoord – geduldig wees, dankbaar wees en vertrou – hoor 'n mens hoe die gelowige homself geheel en al aan die Vader oorgee. Meer nog – dit is blymoedige oorgawe aan die Vader. Hoor u die voordeel van die leer van

die voorsienigheid van God? Vir die gelowige beteken dit dat hy homself geheel en al aan die Vader se troue hande kan oorgee. Die geheim om hierdie doelwit te bereik en 'n mens geheel en al aan God se hande toe te vertrou, is Jesus Christus. Slegs deur Christus is dit moontlik om geduldig en dankbaar te wees en ten volle te vertrou.

Christus is immers as Verlosser volmaak soos wat die gelowige behoort te wees. Die gelowige se enigste troos in lewe en in sterwe is dat hy aan sy getroue Verlosser Jesus Christus behoort wat in alle teëspoed geduldig was, in alle voorspoed volmaak dankbaar was en in alles geheel en al op sy Vader vertrou het. Deur die geloof in Christus laat die Heilige Gees die gelowige ook deelkry aan hierdie drie dinge – geduld, dankbaarheid en vertrou – sodat die gelowige met blydschap homself geheel en al aan God kan oorgee.

Die gelowige behoort geduldig te wees in alle teëspoed. Teëspoed is moeilikheid van enige soort. 'n Mens beleef teëspoed wanneer jy jou werk verloor of wanneer iemand soos 'n maniak in jou vasry. Hierdie teëspoed is erg, maar die teëspoed wat Jesus bedoel het toe Hy gesê het dat die gelowiges dit moeilik in die wêreld gaan hê, is die teëspoed wat gelowiges tref omdat hulle in Jesus Christus glo. En hierdie teëspoed kom nie net van buite af nie. Dikwels word gelowiges in hulle siel gekwel omdat die duiwel met sy vernuf twyfel saai. Asaf het hierdie innerlike teëspoed beleef. Hy het gewonder oor God se goedheid en probeer verstaan hoe God goed kan wees as hy as gelowige swaarkry.

Gewoonlik is 'n mens se eerste gedagte wanneer teëspoed 'n mens tref dat dit sleg is. Ons moenie vir mekaar lieg nie. Teëspoed is nie aangenaam nie, maar dit werk nie verwoestend in op 'n gelowige se verhouding met die Here nie. Die Vader in die hemel sal nooit uit sy vaderhand iets na sy kind toekom wat sy verhouding met God sal verwoes nie. Jesus Christus is die waarborg dat God nooit so iets sal doen nie.

Wanneer 'n mens egter die begrippe *teëspoed* en *geduld* in die Bybel naslaan, ontdek 'n mens 'n verrassing. Jakobus en Petrus skryf albei dat 'n mens bly moet wees wanneer allerhande beproewings oor 'n mens kom. Gelowiges weet tog dat daardie beproewing hulle uit die vaderhand van God toekom. En wanneer God die beproewing gee, doen Hy dit nie om speletjies met die mens te speel. God se werk is nie doelloos nie. Hoor hoe skryf Jakobus daaroor:

Ag dit louter vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoekinge val, omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid bewerk.

(Jakobus 1:2-3 AFR53)

Die woord *lydsaamheid* kan net sowel met *geduld* vertaal word. Paulus skryf aan die Romeine ook dat verdrukking geduld bewerk (Rom 5:3). Geduld is beslis nie 'n natuurlike eienskap van die mens nie – ook nie van 'n gelowige nie. Daarom moet 'n gelowige leer om geduldig te wees. En die leerskool wat die Here in sy volmaakte wysheid gekies het, is teëspoed. Deur verdrukking heen bewerk die Heilige Gees geduld in die gelowige. Deur verdrukking bring die Heilige Gees die gelowige tot gebed waarin hy smeek dat Christus se volmaakte geduld in hom mag posvat. En deur Christus begin die gelowige geduldig op God vertrou as die getroue Vader. Die gelowige gee hom oor aan God se hande, want God weet die beste.

Ons kom dus agter dat geduld inderwaarheid 'n gawe van die Heilige Gees is. Geduld is deel van die vrug van die Gees (Gal 5:22). Maar 'n gelowige leer nie in een dag om volmaak geduldig te wees nie. Gelowiges is lewenslank in hierdie lewe in die skool van swaarkry ingeskryf om geduld aan te leer. Maar wat is hierdie geestelike geduld?

As geduld een van drie vrugte van die leer van die voorsienigheid is, sodat die gelowige homself geheel en al aan God kan oorgee, beteken geduld mos dat jy jouself aan God onderwerp. Daar is vier stappe om te leer wanneer jy jou geduldig aan God onderwerp. Die eerste stap is om God se vaderhand in die teëspoed te erken. Teëspoed is nie iets wat sommer maar net gebeur nie. Dit is nie die duiwel wat uit sy eie dit regkry om 'n gelowige met teëspoed te tref nie. Wanneer 'n gelowige glo en erken dat God hierdie teëspoed in sy lewe beskik het, het hy al die eerste tree geneem in ware geestelike geduld. Geduld erken God se vaderhand en daarom buig die gelowige na God toe.

Die tweede stap is om nog laer te buig. Dit is om te erken dat God reg met jou gehandel het. Die teëspoed wat Hy beskik het is onaangenaam, maar dit is nog baie minder as wat die gelowige eintlik verdien. Die Here kon in alle regverdigheid die gelowige oor sy sonde gestraf het, maar Hy doen dit nie. Hy het Christus die straf op die sonde laat dra. Watter teëspoed die Here dan ook al beskik dit sal nooit so sleg of erg wees as wat 'n mens werklik verdien nie. Nou buig die gelowige al voor God.

Die derde stap is om nog dieper neer te buig. Nou erken die gelowige nie net dat God reg gehandel het nie, maar dat wat Hy oor jou lewe beskik het goed is. Dit is wat Job gesê het toe hy gesê het: Die Here het gegee en die Here het geneem, prys die Naam van die Here. Die Here het goed gedoen deur hierdie teëspoed oor my lewe te beskik. Dit is wat Asaf ook sê:

Nogtans is ek altyddeur by U; U het my regterhand gevat. (Psalm 73:23 AFR53)

Nou het die gelowige al onder die Here gebuig. Maar deur die teëspoed wil die Here die gelowige nog intiemer by Hom hê. Ware geestelike geduld bring die gelowige uiteindelik om aan die Here verkleef te raak. So het dit met Job gebeur. Hy het gesê:

Kyk, al wil Hy my ombring – ek hoop op Hom. (Job 13:15 AFR53)

Nou buig die gelowige in die Here in. Watter swaarkry die Here ook al oor hom beskik, hy weet dat hy by die Here nog altyd beter af is as wat hy sonder die Here sal wees. Asaf het gesien waarheen die Here die gelowiges deur die teëspoed heen lei – na vrede toe. Daarom sê hy aan die einde van die psalm:

Maar wat my aangaan, dit is vir my goed om naby God te wees; in die Here HERE het ek my toevlug gestel, om al u werke te vertel. (Psalm 73:28 AFR53)

Kom ons vat net die vier stappe van ware geestelike geduld weer saam. Eerstens buig 'n geduldige mens na die Here toe en erken dat dit sy hand is wat hierdie teëspoed beskik het. Tweedens buig die geduldige mens voor God en erken dat Hy reg gehandel het met jou. Derdens buig die geduldige mens onder God en erken dat God se werk met hom goed is. En vierdens buig die geduldige gelowige in die Here in, want by die Here bly dit vir hom die allerbeste. Christus het hom dan verlos om God as Vader te hê.

Wanneer 'n gelowige hierdie ware geestelike geduld het, kan hy saam met Paulus sê:

In alles word ons verdruk, maar ons is nie terneergedruk nie; ons is oor raad verleë, maar nie radeloos nie; ons word vervolgd, maar nie deur God verlaat nie, op die grond neergegooi, maar nie vernietig nie. Die sterwe van Jesus dra ons altyd saam in ons liggaam, sodat ook die lewe van Jesus sigbaar kan word in ons liggaam. (2 Korintiërs 4:8-10 AFR83)

Dit is slegs deur verskeie beproewings wat die Heilige Gees hierdie ware geestelike geduld in 'n mens werk. Mag elke ware kind van God homself so aan die Here oorgee

sodat God deur sy lewe en woorde verheerlik kan word – God doen reg en Hy doen goed.
Hy trek my in Hom in.

Amen!

Slotgebed

Psalm 73:10, 12 (p. 369)

- 1 Nogtans sal 'k altyd by U bly; / niks sal my van u liefde skei –
0 U wat my regterhand gevat het, / vir wie 'k van harte liefgehad het.
U sal my voortlei deur u raad, / O God, my Hulp, my Toeverlaat,
en na die dag van aardse stryd, / my opneem in u heerlikheid.
- 12 Wie ver van U sy weg wil gaan, / stap op 'n donker afgrond aan.
U roei hul uit wat U gesmaad het, / in troueloosheid U verlaat het.
Maar dis my goed, my saalge lot, / as ek naby is by my God.
Ek het my hoop op God gestel / om al sy werke te vertel.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
29 Januarie 2017